# Sederberge 2024

| ROETE: | Maltese Kruis oorslaap | DATUM: | 19 en 20 Oktober 2024 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Ons ry vroeg (net na 4:30) uit die Kaap. Van ons ontmoet mekaar langs die pad en ry saam in na die Eikeboom waar die stappers afgelaai word. Bestuurders gaan los die karre aan die eindpunt van die Maltese kruis. Chris en Santie Kies wag daar en bring die bestuurders terug. Ons begin so net na 10 te stap. Gelukkig is dit nie te warm nie. Ons 1ste stop is by die waterpoel. Vandaar 1km na die Sneeuberghut en dan ongeveer nog 'n 5km na ons oornagpunt by die Maltese Kruis. Daar is water oral langs die pad en selfs lopende water by die Maltese Kruis. Ons kry 'n plekkie vir ons tente en ons skrop en werkskaf soos hoendertjies. Die windjie is koud en geniepsig. Daar word lekker stories uitgeruil en "iets wat mense nie van jou weet"! Teen 20:00 is almal in hul tente en die wind het bedaar. Maar die nag was bitter YSig koud. Die volgende oggend maak ons spek en eiers en almal praat oor die koue nag maar ons siele is gevoed en teen 9:00 val ons die pad. Oral opad terug is water strome en valle  - tog te mooi. Teen 11:45 is ons terug by die motors en elkeen slaan sy eie koers in huis toe. 'n Paar van ons het by Die Tol padstal pizza en bier gaan geniet. Ons harte is vol van dankbaarheid vir 'n naweek in die berge. 'n BAIE groot dankie aan Werner Booyens se stapleiding en aan Brenda vir die reëlings. Beslis een vir die boeke.  Totale klimhoogte 688m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Brenda Sideratos | 071 | R 10 | 15 | |
| Werner Booyens | 072 | R 10 | 15 | |
| Gerna Hough | 131 | R 10 | 15 | |
| Ulla Esterhuizen | 114 | R 10 | 15 | |
| Matilda Le Roux | 076 | R 10 | 15 | |
| Arie van Eck | 148 | R 10 | 15 | |
| Arina van Eck | 147 | R 10 | 15 | |
| Elza Geldenhuys | 115 | R 10 | 15 | |
| Carine van Zyl | 155 | R 10 | 15 | |
| Elvin van Zyl | 156 | R 10 | 15 | |
| Santie Kies | 102 | R 10 | 15 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 110** | **165** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Brenda Sideratos |
|---|---|